

**Jaarverslag 2014: Callie Swanepoel**  
**PRESIDENT SA Boerperd Telergenootskap:**  
**Namibia**  
**22 November 2014**

**1. INLEIDEND:**

Om as die eerste president van die Namibiese SA Boerperd klub te staan is vir my regtig 'n groot voorreg. Ons het die klub gestig die 8ste Maart 2014 te plaas Keizen (Aurora SA Boerperdstoet).

Ons het baie planne, moed en drome vir die SA Boerperde in Namibia, en met 'n moeder klub soos die SA Boerperd telersgenootskap agter ons, weet ons ons gaan nog baie ver kom.

**2. BEDANKINGS:**

Eerstens wil ek vir Piet grove en die res van die SA Boerperd telersgenootskap dankie se dat jul vir ons moontlik gemaak het om ons klub te stig.

Tweedens, baie dankie Theuns Pretorius, Frikkie en Ansie Combrink dat jul ons gehelp het met die stig van ons klub. Sonder julle insette sou dit maar rof gegaan het.

Dankie Elize Prinsloo dat ons enige tyd op jou knoppie kan druk met navrae en versoeke!

Dankie ook aan my vrou (Loise Swanepoel) wat kans sien om beide tessourier en sekretaresse te wees.

**3. NAMIBIESE SA BOERPERDKLUB**

Daar is besluit dat ons ons klub gelde N\$ 250.00 p/jaar te maak met die eenmalige N\$50.00 vir die intreefooi. Kom dan daarop neer N\$300.00 vir die eerste jaar.

Tans is ons 8 lede. Elke nuwe eienaar van 'n SA Boerperd in Namibie word aangemoedig om deel te word van die klub.

Daar is huidiglik 2 telers/stoete ook by die klub aangemeld.

NI; Aurora SA Boerperd stoet ( Lourens & Henriette Le grange)

Losberg SA boerperd stoet ( Callie & Loise Swanepoel)

Daar is sprake van 'n derde een.

Daar is 76 SA Boerperde wat ons van weet en wat op is by Stamboek in Namibie. En dan 26 wat oppad is.

Daarvan is

- 5 Hingste wat gebruik word vir teel; nl:

Calela Oscar

Lang Carel Westewind

Mahashi Jonty

Mahashi Jupiter

Maltrap Moonlight

- 34 teelmerries (meeste tans dratig)
- Omtrent 25 ongekeurde jong perde
- Omtrent 13 ry/skouperde

#### **4. KEURINGS**

Ons eerste keuring het plaas gevind die 8ste Maart 2014.

Daar was 5 perde voor keuring en al 5 was gekeur.

Ons beplan om volgende jaar omtrent 10 perde voor keuring te bring en dan die keurings elke tweede jaar te maak tot en met ons genoeg perde in die land het om dit elke jaar te maak.

#### **5. SKOUE**

Dit was aan die begin vreesik moeilik om aan skoue deel te neem, agv die rede dat almal 'n Boerperd ken as 'n gewone plaasperd. Die mense kon glad nie verstaan waaroor ons so opgewonde is nie.

Augustus die jaar het ons vir die eerte keer regtig navraag gehad by 'n skou oor wie en wat ons is.

Ons het van jaar met die SA Boerperde by 7 springkompetisies en 3 Driegangskoue ( saam met die Saalperde, arabiere en fries/vlaam) deelgeneem.

Onderandere was van die uitslae as volg:

Otjiwarongo ALLE Ras 3gang Kampioen.

Otjiwarongo Barrel-racing Kampioen en 3de plek. ( teen verskeie rasse)

Windhoek Barrel-racing Kampioen, reserwe en 3de. (teen die Quarter-horses)

Verskeie skoonrondtes en plasings by die springskoue.

Ons is ook genader om volgende jaar aan die uithouritte deel te neem en intussen is daar gereel dat 'n uithourit Oktober 2015 by Losberg SA Boerperd stoet aangebied word.

## **6. SKAKELING, DIENSLEWERING, NUWE LEDE**

Ons beplan om in die toekoms (2015) nog met 'n nuusbrieff te begin om klub-lede, en mede SA Boerperd eienaars op hoogte te hou van mekaar se vordering en stoete!

Ons is in die bevooregte posisie om 'n baie klein hegte familie te word, met die hoop om natuurlik uit te brei.

## **7. REKLAME & KOMMUNIKASIE**

Ons het 'n *Facebook* blad waar ons tans 125 lede het.

Die twee afsonderlike stoetblaaië het gesamentlik ook 330 lede.

Dan het ons ook al in die Agriforum (Namibie se Landbouweekblad) geadverteer asook 'n artikel geplaas oor die SA Boerperde.

Ons plaas gereed by skoue dan ook SA Boerperd pamflette. Weereens dankie aan Elize wat dit vir ons aanstuur.

Ons wil ook in 2015 SA Boerperd baniere kry wat dan by skoue waar ons deelneem opgesit word om die SA Boerperd nog meer te bemark en bekend te stel in Namibie.

## **8. TEN SLOTTE**

2014 was 'n opwindende jaar, ons as Namibiese SA Boerperd span sien uit na die jaar wat voorle.

Ons hoop, bid en vertrou dan dit 'n baie suksesvolle jaar sal wees, met baie groei, prestasies en groot en sterk vullens!

---

Callie Swanepoel: President (Namibiese klub) 2014